## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende die week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| Di | 10/06 | **Nicolene Coetsee,** Wyk 9 |
| | | **Wouna v d Berg,** Wyk 8 |
| Wo | 11/06 | **Callie Coetzee,** Wyk 12 |
| Do | 12/06 | **Dora Reynecke (81 jaar),** Wyk 11 |

**Seënbede met meelewing Psalm 74: 15 en 16**

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

## DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel.



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 20 Sondag 8 Junie 2025
***Redakteur:*** **Rudy van der Spoel 082 864 4422**
**rudynell@telkomsa.net**

**Eredienste:** 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste:**
**Ouderling:** Wyk 13 **Paul Schutte en wyk 1 Koos Nortjé**
**Diakens:** Wyk 13 vakant en wyk 1 **Zurich Terblanche**
**Skinkbeurt:** Wyke 5 en 6 Wyksusters Ineke Bakker en Marlise Stoop

## EREDIENSTE Albei dienste gelei deur ds Jannes van Dijk

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**Oggenddiens om 9:30 en middagdiens om 17:00**

**PINKSTERSONDAG** **Eredienste ook per whatsapp.**

---

**OGGEND: Woordbediening:** Johannes 14:15-31; 16:4b-15.
**Fokusvers:** Johannes 14:16-17, 26, 16:13.
**TEMA:** ***Die Heilige Gees is ook aan my gegee om my te troos - maar hoe?***
**Sing:** Skrifberyming 12-4: 1, 2, 3(81): (tweede melodie van Psalm 10); Psalm 145:1, 2, 10, 12; Skrifberyming 12-2: 4, 5(27); Skrifberyming 9-2: 9 (58) (melodie van Skrifberyming 9-1); Psalm 119:10, 27, 40; Skrifberyming 8-3: 1(89).
**Sing met meelewing:** Psalm 74:15, 16. .

---

**MIDDAG om 17:00: Woordbediening:** Matteus 11:25-30.
**Fokusvers:** Matteus 11:26.
**TEMA:** ***God roep sondaars volgens wat Hy goed vind***.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3&4, paragraaf 7.
**Sing:** Skrifberyming 17-2: 5, 6, 7, 8 (18): (tweede melodie Psalm 45) ; Psalm 95:1, 2, 4; Skrifberyming 15-7: 4, 5, 6(43); Skrifberyming 17-2: 1, 2, 3, 4 (18) (melodie Psalm 100); Skrifberyming 20-2:1, 5, 7 (eerste melodie Psalm 45).

---

**KOLLEKTES VANOGGEND:** ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir *Uitdra van Evangelie*.

**VANMIDDAG**: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
**Volgende week:** Spesiale kollekte is vir die *Geopende Deure*.

---

**Prof Ben de Klerk** [emeritusprofessor van die TSP] sal DV Sondag, **15 Junie 2025**, die erediens by Huis Eikelaan waarneem.

## LIEF EN LEED   OOG VIR MEKAAR

### VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ons volhard in ons voorbidding vir **prof. Callie en Susan Coetzee**. Prof. Callie het vroeër die week ‘n eerste doktersafspraak gehad (Dinsdag) en op aanbeveling van die kardioloog sal daar eers gewag word voordat die angiogram gedoen sal word. In die komende week sal verdere ondersoeke gedoen word. Susan sterk steeds tuis aan nadat sy met ŉ longembolis gediagnoseer is. Mag u elke dag met nuwe krag versterk word en mag ons hemelse Vader vir u uit die kwaad die goeie keer.

**Mandie de Klerk** het Donderdag ŉ geslaagde prosedure ondergaan waartydens ŉ kwaadaardige gewas verwyder is. Ons is saam baie dankbaar vir die geweldige vrede wat Mandie in hierdie tyd ervaar. Die gewas is weggestuur vir ontleding en op grond van die uitslae sal daar dan op verdere behandeling (indien nodig) besluit word. Ons dank ons hemelse Vader saam met u vir sy goedheid en trou.

**Saartjie Badenhorst** sterk aan in die M-Care hospitaal nadat sy verlede week ŉ baie geslaagde operasie aan haar nek ondergaan het. Dit is ons bede dat ons hemelse Vader die rehabilitasie ryklik sal seën en dat u goeie lewenskwaliteit uit sy hand sal ontvang.

**Christa van Jaarsveld** moet 23 Junie ŉ operasie in Medikliniek ondergaan. Ons verseker haar en Japie van ons voorbidding vir hulle. Mag daar ryke seën op die operasie wees. Japie moet DV op 28 Julie weer in Klerksdorp Hospitaal opgeneem word vir ŉ moontlike prosedure.



**Jesse Niemand** word DV op 19 Junie in die Klerksdorp Hosptiaal opgeneem met die oog op ŉ operasie op 25 Junie. Dit is ons bede dat ons hemelse Vader aan u in aanloop hiertoe vrede sal gee en dat die behandeling deur die dokters ryklik geseënd mag wees.

**Dala Jooste** het verlede naweek in ŉ fratsongeluk in ŉ pallisade heining geval en moes ŉ etlike aantal steke kry. Ons is saam met **Pieter en Brechtje** baie dankbaar dat ons Here sy beskermende hand oor haar gehou het en bid saam dat daar vir Dala volkome genesing mag wees - na liggaam en gees.

**Susan Nortjé** moet op 23 Junie ŉ opvolgbesoek by die besoekende Nefroloog uit Krugersdorp bring. Ons gebed is dat daar deur die dokter se bevindinge en (moontlike) behandeling vir u lewenskwaliteit mag wees.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Manie en Eleanor Geyer** in die beproewende tyd waarin hulle verkeer met Manie se kankerdiagnose. Mag u in hierdie tyd die troue liefde van ons Here ervaar.

**Carmi Huisman** 061 297 2891 en **Gert en Willie van der Walt** het met groot opgewondenheid uitgesien na die kuier van hul dogter **Mia**, maar ongelukkig moes die beplande kuier uitgestel word omdat Mia se ortopediese chirurg nie die groen lig wou gee dat sy na Suid-Afrika kom vir haar beplande kuier nie. Sy ondergaan in die komende week verdere ondersoeke, en ŉ opvolgoperasie word nie uitgesluit nie. Ons verseker Mia van ons voorbidding vir haar en haar geliefdes.

### MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. Die teraardebestelling van **Naomi Frazer** vind DV Dinsdag 10 Junie plaas by Dassierand se begraafplaas en die troosdiens om 12:30 in die Kapel van Huis Eikelaan.

### DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Geliefde brs en srs en Kerkraad,
Hiermee wil ek en Susan graag ons diepste dank en waardering betuig vir al die liefde en ondersteuning, boodskappe en voorbidding wat ons die afgelope tyd ontvang het met Susan se siekte en ook die ondersoeke wat ek moes ondergaan. Ook vir die verlof wat die Kerkraad en diakens in hierdie tyd aan my toegestaan het. In dit alles beleef ons niks minder nie as die liefde en seën van ons Here Jesus Christus wat konkreet uitgeleef word in ons gemeente wat ons so liefhet.

– Prof Calle en Susan

***TROOS NA TRAUMA***

*Baie van ons lidmate is die afgelope tyd diep getref deur trauma. Ek beplan om 'n Bybelstudiegeleentheid elke Donderdag aan te bied vanaf Donderdag 24 Julie om 10:30. Die eerste byeenkoms sal fokus op trauma - die effek daarvan op die liggaam, waarna ons na die salf en die olie vir die wonde in die Bybel sal soek.*

*Laat my gerus weet indien u hieraan sal wil deelneem*

*- Ds. Jannes.*

# ALGEMENE AFKONDIGINGS


## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak | | | | |
| So | 08/06 | 09:30 | **PINKSTER** | Kerk |
| Di | 10/06 | 09:00 | Telkommssie | Kerkkantoor |
| So | 15/06 | 15:30 | Erediens : Huis Eikelaan<br>Prof Ben de Klerk | Kapel |



## KATKISASIE

As gevolg van die laer- en hoërskole se eksamens en ook die feit dat volgende naweek 'n lang naweek is, sal ons katkisasie-werksaamhede na die wintervakansie hervat. Kom ons doen voorbidding vir ons studentelidmate en ook ons katkisante in hierdie eksamenseisoen. Mag julle met krag versterk word en ook skranderheid ontvang!




## BYBELSTUDIE

Die Woensdagaande Bybelstudiegroep het die afgelope Woensdag-aand afgesluit. 'n Aantal van die lidmate wat die Bybelstudie bywoon, vertrek vir langer tye met vakansie en oorsee. Ons bid hulle almal 'n voorspoedige reis toe. Die Woensdagaandgroep sal weer op 23 Julie om 18:00 in die konsistorie bymekaarkom. Studie 3 uit 1 Korintiërs sal dan behandel word.

## LOSMAKING UIT DIENS VAN DIAKENS

Die kerkraad en diakens het 'n geruime tyd gelede al losmaking aan diaken **Frans Drijfhout** uit die diens van diaken bewillig. **Frans en Pietro** verhuis Dinsdag na Stilbaai en Frans sal vanoggend met die oggenddiens losmaking uit die diens ontvang. Ons dank die Here vir die gawes wat Hy deur Frans aan sy kerk gegee het en bid hom en Pietro ryke seën toe waar hulle nou hulle roeping as gelowiges in Stilbaai gaan uitleef.

## ATTESTATE

**Attestate ontvang:**

Ons verwelkom graag vanaf die Gereformeerde Kerk Lichtenburg:

- **Dean en Barbara du Plooy**, woonagtig te Arie Jonasstraat 9 en is geplaas in wyk 2 by ouderling Klaas Wyma en diaken Zurich Terblanche. Die wyksuster is Elsa Reinecke.

**Attestate afgegee:**

- Na Potchefstroom-Oos **Gerda Viljoen** (gebore Bouwsema).
- Na die Gereformeerde Kerk Stilbaai **Frans en Pietro Drijfhout**.

## VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.